

**22 Maart**

**Skrifgedeelte: Genesis 42:1-38**

### **God louter sy kinders**

Josef se broers het gesondig toe hulle hom as 'n slaaf verkoop het. God het egter hulle bese dade gebruik om sy plan uit te voer dat Josef onderkoning in Egipte moes word. God is egter nog nie klaar met Josef se broers nie. Daar is nog 'n pad wat God met hulle moet loop om hulle te verander. Daarom word hulle reis na Egipte een groot nagmerrie.

Toe Josef sy broers herken, neem hy 'n vyandige houding in. Wil hy hulle so 'n bietjie terugbetaal vir wat hulle aan hom gedoen het? Of wil hy hulle net toets om te kyk of hulle intussen verander het? Wat ook al Josef se motief was, God gebruik sy optrede teenoor sy broers om hulle te louter.

Die nagmerrie-ondervinding in Egipte laat Josef se broers terugdink aan wat hulle destyds met Josef gedoen het. Dit is asof die verlede hier reg voor hulle kom staan: 'n jonger broer wat om genade smeek. Met gewetens wat pla, meen hulle dit is God wat hulle ou sondes van destyds nou op hulle laat neerkom.

Deur die loutering het hulle geestelik gegroei en verander. God los sy verbondskinders nie soos hulle is nie. Hy laat hulle geestelik groei deur die maalklippe van die lewe. Die loutering wat ons soms moet verduur, is egter nie die helse pyn en angs en ewige straf wat ons as gevolg van ons sondes verdien nie. Dié het Christus klaar vir ons aan die kruis gedra.

Sing: Psalm 42:1

Ds JL van der Schyff (Petrusburg/Boshof)